| GRAAD 11 | KWARTAAL 2 | AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL<br>VRAESTEL 1 | E-classroom |
|---|---|---|---|

TOTAAL: 80 TYD: 2 UUR

## INSTRUKSIES:

- Begin afdeling A, B en C elkeen op 'n nuwe kant van die blad.
- Laat 'n reël oop na elke antwoord.
- Skryf netjies en leesbaar.
- Gebruik slegs blou of swart ink.
- Skryf jou naam en van, die datum (Mei 2017), die opskrif (Vraestel 1), die afdelingnommer (Afdeling A of B of C) en jou onderwyser(es) se voorletters boaan elke afdeling.

---

## AFDELING A: BEGRIP

### VRAAG 1 TEKS A

# Gemmerkat boesemvriende met renosterwesies

Sy het geen ander keuse gehad as om vir hom sy eie Instagram-profiel te skep nie.

Jamie Traynor, bestuurder van The Rhino Orphanage in Limpopo, sê toe sy foto's van Mewie, haar gemmerkat, op haar Instagram-profiel saam met renosterwesies begin deel het, het mense haar bly vra wanneer Mewie sy eie blad gaan kry.

Sy het Mewie, toe 'n piepklein dingetjie, byna 'n jaar gelede in Atteridgeville, Pretoria, gekry waar 'n inwoner hom borsmelk gevoer het om hom aan die lewe te hou. Hy was skaars drie weke oud toe Traynor hom aangeneem het. Die gemmerkatmannetjie het in die renosterweeshuis grootgeword.

In Desember verlede jaar het die renosterkalfie Nandi, wat liefde in Zoeloe beteken, by die sentrum aangekom nadat stropers haar ma doodgemaak het. Sy was net twee maande oud.

Mewie se ounooi, Traynor, het baie tyd saam met die renostertjies deurgebring, en hy is oral saam met haar. Min het sy geweet dat Mewie haar voorbeeld sou volg en saam met die wesies begin slaap en stap. Hy het eers twee keer per dag saam met Nandi en Traynor gestap. Dit was nie lank voordat hy en Nandi beste maats was nie. Mewie is geensins deur die renoster se grootte afgeskrik nie.

Noudat Nandi 'n bietjie groter is, word haar kontak met die vrywilligers by die sentrum minder en bestee sy meer tyd saam met ander renosters. Dit beteken sy sien nou nie meer so baie vir Mewie nie. Traynor sê dit werk in die natuur ook so. "Aan die begin sal die renostertjie net saam met sy ma wees, en later aan die ander renosters in die trop voorgestel word."

J'aime, wat "ek het lief" in Frans beteken, het kort hierna die renostermaatjieleemte in Mewie se lewe gevul.

Sy is nou byna twee maande oud en die sentrum se jongste renoster tot nog toe.

Net soos Nandi, het J'aime ook baie vinnig in Mewie se hart gekruip. Traynor het ook foto's van hul vriendskap op Instagram begin deel.

"As ek foto's van my saam met die renosters gedeel het, het mense gevra waar is Mewie dan. Hulle het bly vra vir sy eie Instagram waar hy sy avonture met ander kan deel. Ek het dus geen ander keuse gehad nie," sê sy laggend.

Mewie, oftewel Mewie_cat, soos hy nou in die sosialemediawêreld bekend staan, het al meer as 100

© e-classroom 2017

volgelinge en sy profiel is skaars ŉ paar dae oud. Hy "deel" gereeld foto's en video's op die profiel.

Hy speel ook nie net met die renosters by die sentrum nie. Hy het onlangs ook ŉ weesblesbok toegelaat om hom van nader te bekyk en aan hom te ruik.

Traynor sê dié kat is vreesloos. ŉ Ruk gelede het ŉ luislang een van haar ander katte aangeval. Mewie het ook na die 2 m lange slang kom kyk.

Traynor het hom egter vinnig daar weggekry.

Arrie van Deventer het The Rhino Orphanage in 2012 gestig. Die sentrum is glo die eerste gespesialiseerde, toegewyde, niekommersiële sentrum wat na wees- en beseerde renostertjies omsien met die doel om hulle in die natuur vry te laat.

The Rhino Orphanage het al verskeie weesrenostertjies grootgemaak en suksesvol in die natuur vrygelaat.

Weens die aard van hulle werk word die getal weesdiere en die ligging van die sentrum nie bekend gemaak nie.

Vrywilligers word daagliks opgelei in die rehabilitasie van die renostertjies en werk saam met ŉ veeartsenykundige om hulle kennis oor renosters uit te brei.

*http://www.netwerk24.com/Nuus/Omgewing/gemmerkat-boesemvriende-met-renosterwesies-20170428*

1.1 Waar werk Jamie Traynor? (1)

1.2 Waarom het Jamie ŉ Instagram-profiel vir Mewie geskep? (1)

1.3 Mewie was ŉ groot kat toe Traynor hom aangeneem het.

1.3.1 Is die bogenoemde stelling WAAR of ONWAAR? (1)

1.3.2 Motiveer jou antwoord by 1.3.1 deur TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE aan te haal. (1)

1.4 Wat is ongewoon aan die plek waar Mewie nou woon? (1)

1.4.1 Dink jy Mewie pas in die weeshuis? Motiveer jou antwoord. (1)

1.5.1 Van watter taal is die naam "Nandi" afkomstig? (1)

1.5.2 Wat beteken die naam? Antwoord slegs in EEN woord. (1)

1.6 Watter TWEE dinge het Mewie gedoen om ŉ band met Nandi te vorm. Antwoord in TWEE APARTE volsinne. (2)

1.7 Waarom moes Mewie se kontak met Nandi verminder word? (1)

1.8 Haal EEN WOORD aan wat aandui dat Mewie baie alleen was na Nandi aan die trop voorgestel is. (1)

1.9 Verwys na die uitdrukking "in Mewie se hart ingekruip" (paragraaf 6).

1.9.1 Word hierdie uitdrukking LETTERLIK of FIGUURLIK gebruik? (1)

1.9.2 Gee ŉ rede vir jou antwoord by 1.8.1. (1)


1.10 Op watter sosialemediaplatform deel Mewie sy foto's en video's? (1)

1.11 Stem jy saam dat 100 volgelinge binne enkele dae jou gewild maak op sosiale media? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

| | | |
|---|---|---|
| 1.12 | Waarom dink jy sê Traynor Mewie is vreesloos? Verskaf TWEE redes uit die teks. | (2) |
| 1.13 | Voltooi die uitdrukking: Iemand wat vreesloos is, het nie ŉ bang ________ op sy kop nie. | (1) |
| 1.14 | Hoe lank bestaan die Rhino Orphanage reeds? | (1) |
| 1.15 | Watter TWEE reëls volg The Rhino Orphanage om stroping teen te werk. (2) | |
| 1.16 | Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?<br>Mense wat by The Rhino Orphanage werk, word betaal.<br>Haal een woord aan om jou antwoord te staaf. | (1) |
| 1.17 | Dink jy renosters moet onthoring word in ŉ poging om renosterstroping te bestry?<br>Motiveer jou antwoord. | (1) |

## TEKS B: GEHALTE VAN WISKUNDE- EN WETENSKAPONDERWYS

Bestudeer die teks hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.




*[Verwerk uit www.grafika24.com]*

1.18 Waar het die samesteller hierdie statistieke gekry? (1)

1.19 Kies die korrekte woord:
Suid-Afrika beklee die (eerste/laaste) plek op die skaal. (1)

1.20 Rangskik van naaste tot verste vanaf die gemiddeld:
A – Suid-Afrika
B - Maleisië
C – Singapoer (3)

1.21 Watter oplossing dink jy is daar om Suid-Afrika beter te laat vaar op die gehalteskaal? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

# AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

- Skryf SEWE wenke om mooier foto's te neem.
- Skryf die sinne puntsgewys en in VOLSINNE onder mekaar.
- Onthou om 'n reël oop te laat na elke feit.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Skryf die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming neer.

## TEKS C: SEWE WENKE OM MOOIER FOTO'S TE NEEM

In Augustus vier ons Wêreldfotografiedag. Serge Ramelli is 'n Franse fotograaf wat in Parys bly. Sy YouTube-kanaal bevat honderde video's oor hoe om foto's neem en dit dan beter te laat lyk. Hier deel hy 'n paar wenke oor hoe om beter foto's te neem.

Maak seker dat die kamera op dieselfde vlak is as die oë van die persoon of dier wat jy afneem. Jy kan op jou maag lê of staan as jy moet.

Maak seker dat die kamera op die regte onderwerp gefokus is en nie per ongeluk op die agtergrond nie.

Besige agtergronde kan jou foto deurmekaar laat lyk. Maak seker daar is nie te veel goed op die agtergrond nie. Maak ook seker dat daar niks op die agtergrond is wat kan lyk of dit uit die persoon groei nie. As die persoon byvoorbeeld naby 'n paal of boom staan, kan dit lyk of die boom uit die persoon groei.

As jou onderwerp nie so groot is nie, beweeg altyd 'n paar treë vorentoe. Maar moenie nader as drie treë aan jou onderwerp staan nie.

Dit wat jy afneem, moenie presies in die middel wees nie. Deel die prentjie wat jy deur die lens sien in vier vierkante in en plaas die onderwerp in een van daardie vierkante.

Die beste tyd om foto's te neem is vroegoggend of laatmiddag. Gebruik jou kamera se flits as jy buite in die sonlig of in die donker foto's neem. Direkte sonlig maak nooit mooi foto's nie, daarom moet jy bietjie met lig speel.

Neem mense af sodat dit interessant lyk en nie net 'n klomp mense is wat regop langs mekaar staan nie. Spontane foto's is altyd die mooiste.

*[Verwerk vanuit: www.hoezit.co.za]*

**TOTAAL AFDELING B: 10**

# AFDELING C: TAAL

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

### TEKS D

Die taalvrae wat volg, is op die volgende advertensie gebaseer.




| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Wie is die adverteerder? | (1) |
| 3.2 | Noem TWEE MANIERE waarop die opskrif beklemtoon word. | (2) |
| 3.3 | In hierdie advertensie is vakansiegangers die teikengroep.<br>Hoe beklemtoon die advertensie dit? | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 3.4 | Kies die korrekte voorsetsel:<br>Ons gaan **(op/met)** vakansie. | (1) |
| 3.5 | Noem TWEE tegnieke waarmee die adverteerder die leser se aandag probeer trek. | (2) |
| 3.6 | Gee die oortreffende vorm van die woord tussen hakies:<br>ATKV-vakansieoorde is al die (lank) in die Kaap. | (1) |
| 3.7 | Meer mense moet na die ATKV-vakansieoorde gaan.<br>Begin nou die sin só: Meer mense behoort ... | (1) |
| 3.8 | Gee die korrekte term vir die woorde tussen hakies:<br>ATKV-vakansieoorde het die meeste (mense wat met vakansie gaan). | (1) |
| | | [10] |

## VRAAG 4: STROKIE

## TEKS E

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

Raampie 1 Raampie 2 Raampie 3




*Verwerk uit: www.daniecronje.co.za*

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Wat is die funksie van die ellips in raampie 2? | (1) |
| 4.2 | "Dis 'n interessante (kies) wat jy gemaak het."<br>Gee die korrekte afleiding van die woord tussen hakies in raampie 2. | (1) |
| 4.3 | Verbeter die spelfout in raampie 3. | (1) |
| 4.4 | Verwys na raampie 2. | |
| | 4.4.1 Watter twee tekens is daar dat sy pa verbaas is. | (2) |
| 4.5 | Wat is ironies aan die seun se woorde in raampie 3. | (2) |
| 4.6 | Verbind die volgende sinne met die voegwoord tussen hakies:<br>Ek het al die top partytjie-universiteite gekies. My ouers het my geleer om hoog te mik. (want) | (1) |

4.7 Ek gaan hier aansoek doen.
Skryf hierdie sin oor in die verlede tyd. (1)

4.7 Kies die woord wat die volgende stelling KORREK sal voltooi. Skryf net die vraagnommer (4.7) en die antwoord (A – D) neer, byvoorbeeld 4.6 E.

Jeremy se woorde in raampie 3 maak sy ouers se woorde vir die leser ...

A komies.
B tragies.
C realisties.
D romanties. (1)

[10]

## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

### TEKS F

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Opsetlike taal- en spelfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

# Ontmoet ons eie Lara Croft

Sy het baie blou kolle en ŉ paar snye en kneusplekke opgedoen, maar om Lara Croft in die nuwe *Tomb Raider*-fliek te speel, was die 5.1.1 hoogtepunt van Fleur van Eeden se loopbaan.

Die 31-jarige van Swellendam het waagtoertjies namens Alicia Vikander in die nuwe *Tomb Raider*-fliek gedoen.

Altesaam 5.1.3 95% van die fliek is sedert einde 5.1.4 Januarie in Kaapstad verfilm en die laaste verfilming in Suid-Afrika is Donderdag 5.1.6(af+handel).

“Om Lara Croft te wees is enige *stunt*-meisie se droom,” sê Van Eeden. As iemand tien jaar gelede aan haar gesê het sy gaan eendag Lara Croft speel, sou sy dit nie geglo het nie.

Van Eeden is die waaghals 5.1.8 (wie/wat) hoofsaaklik vir die hoofrol in aksietonele instaan. 5.1.9 Heidi Dickson van Engeland is Vikander se ander waaghals-dubbelganger.

Volgens haar is Vikander baie vriendelik, professioneel en ŉ regte rolmodel. “Sy het die rol gevat en alles gegee. 5.1.10 Jy moet sien wat sy met haar lyf kan doen,” sê sy.

Van Eeden het op 5.1.11 20 begin om waagtoertjies te doen. ŉ Geleentheid het toevallig oor haar pad gekom. “Hulle het vir my gesê ek lyk soos iemand wat kan goed wees daarin, en ek het niks gehad om te verloor nie,” sê sy.

*Verwerk vanuit: http://www.netwerk24.com/*

5.1.1 Gee ŉ SINONIEM vir die woord “hoogtepunt”. (1)

5.1.2 Skryf die volgende sin in die TOEKOMENDE tyd.
Die 31-jarige van Swellendam het waagtoertjies namens Alicia Vikander in die nuwe *Tomb Raider*-fliek gedoen. (1)

5.1.3 Kies die korrekte woord:
Slegs vyf (persent/present) van die film moet nog afgehandel word. (1)

5.1.4 Gee die korrekte AFKORTING van die woord "Januarie". (1)

5.1.5 Gee die korrekte PERSOONSNAAM vir mense wat in Kaapstad woon. (1)

5.1.6 Vorm 'n SWAK VERLEDE DEELWOORD van die volgende woord: (af+handel). (1)

5.1.7 Skryf die volgende sin oor in die DIREKTE REDE:
"Om Lara Croft te wees is enige *stunt*-meisie se droom," sê Van Eeden. (1)

5.1.8 Kies die korrekte BETREKLIKE VOORNAAMWOORD:
Van Eeden is die waaghals 5.1.8 (wie/wat) hoofsaaklik vir die hoofrol in aksietonele instaan. (1)

5.1.9 Verander die sin na 'n VRAAGSIN:
Heidi Dickson van Engeland is Vikander se ander waaghals-dubbelganger. (1)

5.1.10 Skryf die volgende sin oor in die NEGATIEWE VORM:
Van Eeden eet óf eiers óf spinasie tydens haar dieet. (1)

5.1.11 Skryf die getal 20 uit in woorde. (1)

5.1.12 Verbind die twee sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.
Van Eeden het op 20 begin om waagtoertjies te doen. 'n Geleentheid het toevallig oor haar pad gekom. (nadat) (1)

5.1.13 Skryf die sin oor uit die BEDRYWENDE in die LYDENDE vorm:
Waagtoertjies word al vyftien jaar lank deur Van Eeden gedoen. (1)

5.1.14 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM.
Van Eeden, jy moet versigtig wees! (1)

© e-classroom 2017

## TEKS G

- Die taalvrae wat volg, is op die prent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.



*[Bron:www.google.com]*

5.2 Kies elke keer die korrekte woord tussen hakies:
Lerato se kamer is baie deurmekaar. Haar (5.2.1 ma/Ma) het reeds drie keer kom vra dat sy die goed optel.
Haar ma is bang sy trap haar (5.2.2 bril/brille) stukkend.
Haar sussie het haar ma (5.2.3 gevertel/vertel) Lerato se kamer is deurmekaar. (3)

5.2.4 Gee die korrekte MEERVOUD van die woord tussen hakies. Skryf slegs die woord as antwoord neer.
Lerato se (hemp) lê oral rond. (1)

5.2.5 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies

Lerato se (ma, pa, sussie en ouma) woon saam met haar. (1)

5.2.6 Verbeter die sin sodat dit taalkundig reg is:
Lerato is kwaad maar haar suster was reg. (1)

[20]

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 30 + 10 + 40 = 80**

© e-classroom 2017

# MEMORANDUM

## AFDELING A: ASSESSERINGSRIGLYNE VIR BEGRIPSTOETS

- Spelfoute in enkelwoordantwoorde word NIE gepenaliseer NIE, behalwe as die spelling die woordbetekenis verander.
- Penalisering geskied slegs as die spelling van die kernwoord die antwoord se betekenis verander.
- As I taalfout die betekenis van die antwoord verander, word geen punt toegeken nie.
- Indien I spelfout die betekenis van I enkelwoordantwoord verander, word geen punt toegeken nie.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie, want die klem val op begrip.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE, EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf nie indien die motivering JA/NEE, EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer.
- By vrae wat aanhalings uit die leesstuk vereis, word die weglating van aanhalingstekens NIE GEPENALISEER NIE.
- Waar enkelwoordantwoorde vereis word en die kandidaat gee ŉ volsin, is dit korrek, MITS die korrekte woord onderstreep of op die een of ander wyse uitgelig word. Die kandidaat kan ook die antwoord begin met: Die woord is ... .
- Waar een feit/punt of twee/drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ŉ hele string:
  - sien SLEGS die vereiste feit(e)/punt(e) na.
  - word die eerste antwoord(e) per merker nagesien waar die feit(e)/punt(e) met merkers aangedui is.
- Indien I antwoord in meer as een sin aangebied word en die sin/sinne lei direk tot die antwoord, word die punt vir die korrekte feit toegeken.
- ndien die kandidaat woorde uit I ander taal as die taal van die vraestel gebruik, word daardie vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol is in Afrikaans, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- By meerkeusevrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.

## AFDELING A: BEGRIP

## TEKS A

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | The Rhino Orphanage | | (1) |
| 1.2 | Aanhangers op Instagram het haar gevra. | | (1) |
| | 1.3.1 | ONWAAR | (1) |
| | 1.3.2 | “piepklein dingetjie” | (1) |
| 1.4 | Dit is ŉ weeshuis vir renosterwesies. | | (1) |
| | 1.4.1 | Nee, want hy is eintlik ŉ kat. OF Ja, hy is ook wees. | (1) |
| | 1.5.1 | Zoeloe | (1) |
| | 1.5.2 | Liefde | (1) |

© e-classroom 2017

1.6 * Mewie het saam met Nandi geslaap.
* Mewie het saam met Nandi gestap. (2)

1.7 Sodat hy kon terugkeer na die natuur. (1)

1.8 "renostermaatjieleemte" (1)

1.8.1 Figuurlik (1)

1.8.2 Hy kan nie letterlik in sy hart inkruip nie. Dit beteken dat hy baie van hom begin hou het. (1)

1.9 Instagram (1)

1.10 Leerders se eie motivering. (1)

1.11 * Mewie is nie bang vir groot diere nie.

* Mewie het ŉ slang van nader bekyk.

* Mewie word as vreesloos beskryf.

(Enige sinvolle TWEE antwoorde uit die teks) (2)

1.12 Iemand wat vreesloos is, het nie ŉ bang haar op sy kop nie. (1)

1.13 Vyf jaar (1)

1.14 * Hulle maak nie bekend hoeveel renosters hulle het nie.
* Hulle maak nie hulle ligging bekend nie. (2)

1.15 Onwaar, "vrywilligers" (1)

1.16 Sinvolle motivering vir of teen die onthoringspraktyk. (1)

## TEKS B

1.17 Wêreld- Ekonomiese Forum (1)

1.18 laaste (1)

1.19 B
A
C (3)

1.20 Leerders se eie motivering vir oplossing om onderwys van gehalte te verseker. (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

## <u>TEKS C</u>

### ALGEMENE ASSESSERINGSRIGLYNE

- Lees die hele opsomming om ŉ geheelindruk te kry.
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:
- Indien die beplanning in potlood aangebied word, word dit as rofwerk beskou en word die tweede aanbieding nagesien.
- Indien die eerste poging in pen aangebied word, word daardie poging as die finale antwoord beskou.

- Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Indien daar twee sinne by een koeëlpunt gegee word, word slegs die eerste sin nagesien.
- Feite moet so ver moontlik in kandidaat se eie woorde opgesom word.
- Kandidate hoef nie ŉ TITEL te verskaf nie.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel, byvoorbeeld, d.w.s. = drie woorde.
- Indien die kandidaat die opsomming in paragraafvorm aanbied, word die eerste sewe sinne van die paragraaf nagesien.

LET DAAROP DAT DIE OPSOMMING MEER AS EEN MOONTLIKHEID IN ŉ PARAGRAAF BEVAT. DIE NASIENER MOET DUS NOUKEURIG LEES!

**KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE VIR NIE-DIREKTE AANHALINGS:**

**Die hoofgedagte kan in ŉ volsin of in ŉ sinsnede aangebied word, solank dit sinvol is.**

**Puntetoekenning:**

1–3 feite korrek: 1 punt

4–5 feite korrek: 2 punte

6–7 feite korrek: 3 punte

**KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE VIR DIREKTE AANHALINGS:**

**LW: Die hoofgedagte kan in ŉ volsin of in ŉ sinsnede aangebied word, SOLANK DIT SINVOL IS.**

**Puntetoekenning:**

6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie

1–5 aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken

**SKRYF DIE PUNTE SOOS VOLG NEER (horisontaal/vertikaal)**

Feit 7

Taal 3

Totaal 10

**LET WEL**

**Formaat**:

- Selfs al word die opsomming in die verkeerde formaat aangebied, moet dit geassesseer word.
- Kandidate word nie gepenaliseer indien die opsomming in die verkeerde formaat aangebied is nie.

**Woordtelling:**

- Tel die woorde indien dit te lank lyk.

| Wenke om mooier foto's te neem | |
| --- | --- |
| **Teks** | **Moontlike antwoorde** |
| **Maak seker dat die kamera op dieselfde vlak is as die oë van die persoon of dier wat jy afneem**. Jy kan op jou maag lê of staan as jy moet.<br><br>Maak seker dat die kamera op die regte onderwerp gefokus is en nie per ongeluk op die agtergrond nie.<br><br>Besige agtergronde kan jou foto deurmekaar laat lyk. **Maak seker daar is nie te veel goed op die agtergrond nie**. Maak ook seker dat daar niks op die agtergrond is wat kan lyk of dit uit die persoon groei nie. As die persoon byvoorbeeld naby ŉ paal of boom staan, kan dit lyk of die boom uit die persoon groei.<br><br>As jou onderwerp nie so groot is nie, beweeg altyd ŉ paar treë vorentoe. **Maar moenie nader as drie treë aan jou onderwerp staan nie.**<br><br>**Dit wat jy afneem, moenie presies in die middel wees nie.** Deel die prentjie wat jy deur die lens sien in vier vierkante in en plaas die onderwerp in een van daardie vierkante.<br><br>Die beste tyd om foto's te neem is vroegoggend of laatmiddag. **Gebruik jou kamera se flits as jy buite in die sonlig of in die donker foto's neem.** Direkte sonlig maak nooit mooi foto's nie, daarom moet jy bietjie met lig speel.<br><br>Neem mense af sodat dit interessant lyk en nie net ŉ klomp mense is wat regop langs mekaar staan nie. **Spontane foto's is altyd die mooiste.** | • Jou kamera moet op dieselfde vlak wees as die oë van die objek wat jy afneem.<br>• Moenie op die agtergrond fokus nie.<br>OF<br>• Maak seker jy fokus op die regte onderwerp.<br>• Maak seker die agtergrond is gepas.<br>• Moenie nader as drie treë aan jou onderwerp staan nie.<br>• Dit wat jy afneem, moenie presies in die middel wees nie.<br>• Jy moet met lig speel.<br>• Jy moet spontane foto's neem. |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

**ASSESSERINGSRIGLYNE**

**WOORD- EN SINSTRUKTURE**

- **Spelling vir enkelwoordantwoorde moet korrek wees om punte te verdien**.
- Die standaardvariant geld.
- Wanneer slegs een woord as antwoord gevra word, kry die kandidaat geen punte indien die opdrag nie uitgevoer is nie. (Kandidate moenie die hele sin skryf indien hulle gevra word om net die woord te skryf nie.)
- Wanneer verlede tyd getoets word, **moet ge-** as **EEN WOORD** saam met die werkwoord geskryf word.
- Wanneer die infinitief getoets word, moet **te** saam met die infinitief as **TWEE WOORDE** geskryf word.
- Verder tel spelling glad nie **indien daar iets anders vereis word nie – veral met enkelwoordantwoorde**; tensy spelling getoets word.
- Taalfoute word gepenaliseer waar taalstrukture gevra word.
- Waar afkortings getoets word, moet die punktuasie ook korrek wees om I punt te verdien.

- By meerkeusevrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.
- Streekstaal kan nie in ag geneem word nie.
- Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin soos volg moet begin, moet die hele sin uitgeskryf word.
- LET WEL: Waar advertensie- en strokiesprenttegnieke gevra word, tel taal- en spelfoute nie, tensy dit die betekenis van die sin beïnvloed.
- **Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin moet oorskryf, moet die hele sin uitgeskryf word.**

## TEKS D

3.1 ATKV-vakansieoorde (1)

3.2 • Dis groter as die res van die teks.
• Dis ŉ ander kleur.
• Dis ŉ ander lettertipe. (ENIGE TWEE) (2)

3.3 Hulle gebruik alliterasie.
Daar is ŉ foto van iemand wat vakansie hou. (1)

3.4 met (1)

3.5 * Verskillende lettertipes
* Foto's van ŉ laggende dogtertjie
* Alliterasie
* Verskillende kleure
* Verskillende lettertipes (2)

3.6 langste (1)

3.7 Begin só: Meer mense behoort na ATKV-vakansieoorde te gaan. (1)

3.8 vakansiegangers (1)

**[10]**

## TEKS E

4.1 Dit wys sy ma dink nog.
Dit wys sy ma se gedagtes gaan aan. (ENIGEEN) (1)

4.2 keuse (1)

4.3 partytjie (1)

4.4.1 * Sy pa se oë is groot
* Sy pa se wenkbroue is opgetrek. (2)

4.5 ŉ Mens sou verwag dat hy met "hoog mik" bedoel dat hy die beste akademiese universiteit kies, maar ons vind uit hy kies die beste partytjie-universiteit. (2)

4.6 Ek het al die top partytjie-universiteite gekies, want my ouers het my geleer om hoog te mik. (1)

4.7 Ek het hier aansoek gedoen. (1)

4.7 A (komies) (1)

**[10]**

© e-classroom 2017

## TEKS F

5.1.1 klimaks (1)

5.1.2 Die 31-jarige van Swellendam sal waagtoertjies namens Alicia Vikander in die nuwe Tomb Raider-fliek doen. (1)

5.1.3 persent (1)

5.1.4 Jan. (1)

5.1.5 Kapenaars (1)

5.1.6 afgehandel (1)

5.1.7 Van Eeden sê om Lara Croft te wees is enige stunt-meisie se droom. (1)

5.1.8 wat (1)

5.1.9 Is Heidi Dickson van Engeland Vikander se ander waaghals-dubbelganger? (1)

5.1.10 Van Eeden eet nóg eiers nóg spinasie tydens haar dieet. (1)

5.1.11 twintig (1)

5.1.12 Van Eeden het op 20 begin om waagtoertjies te doen nadat ŉ geleentheid toevallig oor haar pad gekom het. (1)

5.1.13 Van Eeden doen al vyftien jaar lank waagtoertjies. (1)

5.1.14 Van Eeden, jy moenie versigtig wees nie! (1)

## TEKS G

5.2.1 ma

5.2.2 bril

5.2.3 vertel (3)

5.2.4 hemde (1)

5.2.5 familie (1)

5.2.6 Lerato is kwaad, maar haar suster was reg. (1)

[20]

**GROOT TOTAAL: 30 + 10 + 40 = 80**

© e-classroom 2017